HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

8 Maart 2024

OMSENDBRIEF 8/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **SBL-verkiesing 2024:** Sien asseblief die drie aangehegte kennisgewings vanaf mnr. Russel Sampson, wat as Skoolverkiesingsbeampte by ons skool aangestel is:

   - Goedgekeurde ouernominasies
   - Opvoederverkiesing
   - Nie-opvoederverkiesing

   Nominasies vir ouerlede is nou gesluit en die stembrief is gefinaliseer. Nominasies wat ingehandig is, maar nie op die lys van name verskyn nie het óf die nominasievorm onvolledig of verkeerd ingevul óf die spertyd gemis. Slegs ouers wie se name op die kieserslys verskyn kan **Maandag 18 Maart tussen 14:00 en 19:00** by die hoërskool se **mediasentrum** kom stem. Die kieserslys is ook reeds gefinaliseer soos deurgegee in vorige omsendbriewe. Geen name mag nou meer by die kieserslys gevoeg word nie, ook nie op die dag van die verkiesing nie. Dit is verpligtend dat ouers hul ID's saambring.

2. **Skoolfonds**: Aangeheg is 'n kennisgewing vanaf die Skoolbeheerliggaam rondom die betaling van skoolfonds en matriekafskeid.

3. **Atletiek:** Die afgelope paar weke het ons atlete pragtig presteer. By die Boland Kampioenskappe het die volgende laerskoolatlete plekke behaal en is opgeneem in die Bolandspan wat eerskomende naweek aan die Wes-Kaap Kampioenskappe in Paarl deelneem: **Luan du Toit** (3de in 100 m en 2de in VS), **Jumaro Fortuin** (4de in 150 m Hekkies) en **Ruwayden Willemse** (4de in 150 m). By die Boland Kampioenskappe het die meeste van ons hoërskoolatlete hul persoonlike beste verbeter. Die volgende atlete is ingesluit in die Bolandspan wat volgende naweek aan die Wes-Kaap Kampioenskappe sal deelneem: **Danika Grobler** (3de in Hamergooi) en **Ronwin Matjan** (5de in 100 m Hekkies). Baie geluk aan hierdie atlete en sterkte met die volgende byeenkoms. Ons is trots op julle!

4. **Biblioteek:** Dit gaan baie goed met die laerskoolbiblioteek. Dit is heerlik om al die opgewondenheid onder die leerders te sien oor nuwe boeke en nuwe avonture wat ontdek word. Ons is baie dankbaar vir elke tannie wat pouses kom help en mev. Helena de Wet wat voorvat en gereeld met nuwe idees en projekte vorendag kom. Dit word opreg waardeer. Ons is baie trots op ons laerskool se mediaprefekte vir 2024.

   - Graad 5: **Andonecia September, Miah-Leigh Siegelaar, Jo-Zaylin Oktober, Brigetha Jones** en **Taikeesha Ross**.
   - Graad 6: **Liam Abrahams, Ruben Potgieter, Nianell Verwey, Shermonique Claasen** en **Lecaylin Oerson**.
   - Graad 7: **Jeneil Kuhn, Luané Pietersen** en **Edean Kriel**. Ons weet sommer hulle gaan 'n goeie werk doen en wens hulle alle voorspoed en sterkte toe. Baie geluk!

5. **Mini-krieket:** Ons mini-krieketspelers het die afgelope naweek aan Kouebokkeveld se mini-krieketdag deelgeneem. Dit was die graad 1's se eerste keer wat hulle daar deelgeneem het. Die jong manne en dames het al halfvyf met groot opwinding vanaf die skool vertrek. Gister het die o.9-spannetjie teen Middelrivier gaan speel. Al het die dorings soms 'n bietjie gesteek, het hulle dit steeds baie geniet.

6. **Kultuuraand:** Kultuuraand-oudisies by die hoërskool het groot aftrek geniet. 40 Brawe hoërskoolleerders het laasweek die beoordelaars beïndruk met hul talente. Leerders het gespog met sang, dans, toneelspel en musiek. Die revue-oefengroep en toneelgeselskap vir 2024 sal Maandag tydens die hoërskool se saalbyeenkoms bekendgemaak word.

7. **Dans-/dramaklasse:** Laerskooldans- en -dramaklasse het Maandag 4 Maart afgeskop. Leerders van HSB, Tjoffieland sowel as buurdorpe het geskud, gegiggel en met baie pret geleer. Inskrywings vir Maart het reeds gesluit, maar nuwe leerders sal weer in die eerste week van April toegelaat word. Navrae kan aan juf Mari Boshoff gerig word by mboshoff@hsbonnievale.co.za

8. **Netbal:** Die eerste netbalspan het die afgelope naweek deelgeneem aan die CWL-Baard Netbaldag in Hopefield en het goed presteer teen groter skole soos La Rochelle, Hoërskool Brackenfell en Hoërskool Hopefield. Ons sien uit na die seisoen wat voorlê.

9. **Laerskoolprysuitdeling:** Volgens die laerskool se prysuitdelingbeleid kan aansoeke om veranderings aan die beleid te bring aan die skool gerig word. Die beleid is ter insae by juf. Githe-Mari van Loggerenberg beskikbaar. Enige navrae of aansoeke om veranderings moet skriftelik teen 15 Maart om 13:00 by me. Van Loggerenberg ingehandig wees. Geen laat versoeke sal hanteer word nie. Die prysuitdelingkomitee sal veranderinge bespreek en oorweeg en dan 'n finale besluit maak. Die hersiene beleid sal in kwartaal 2 beskikbaar gestel word. Aansoeke kan gestuur word na gvloggerenberg@hsbonnievale.co.za of 079 931 1993.

10. **Studiemetodes:** Ons is opgewonde oor 'n studiemetodekursus wat op **9 en 10 April** vir **graad 4's** en hul ouers aangebied gaan word deur Annaleen Cilliers, 'n bekwame arbeidsterapeut. Dit is die graad 4's se eerste jaar wat hulle eksamen gaan skryf. U en u kind gaan toegerus word om meer effektief te leer en metodes vas te lê wat gaan help vir die res van u kind se skoolloopbaan. Elke leerder kan een ouer/voog saambring wat die kursus saam met hom of haar bywoon. Verkieslik die persoon wat meestal die leerder help met huiswerk en met die leer van toetse. Die kursus strek oor twee aande en kos slegs R150 per kind/ouer-groepie. Betaal asb 'n deposito van R75 of die volle bedrag (R150) by die skool se finansiële kantoor **voor 20 Maart** om u plek te bespreek. Daar is beperkte hoeveelheid plekke beskikbaar.

11. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

12. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Vr. 8 Mrt.	Laerskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl Robertson Swemgala Tennis: Grondslagfase vs. Rûens Kollege
Sa. 9 Mrt.	Laerskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
So. 10 Mrt.	Wes-Kaap Laser Run-byeenkoms te HSB
Di. 12 Mrt.	Klub 100 O.17-rugby vs. JGT (weg)
Wo. 13 Mrt.	Landloop Kleurebyeenkoms (Groen vs. Geel) te HSB O.13-krieket vs. VRT Pitt (weg)
Vr. 15 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
Sa. 16 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl Juf. Belinda Oosthuizen verjaar
So. 17 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
Ma. 18 Mrt.	SBL Ouerverkiesing (14:00 tot 19:00 in hoërskool se mediasentrum)

Di. 19 Mrt.	Graad 11 Aansoeke vir vakveranderinge sluit
Wo. 20 Mrt.	Skool sluit vir vakansie 11:00
Do. 21 Mrt.	O.19A-rugbytoer na Lutzville
Vr. 22 Mrt.	Atletiek Suid-Afrika Jeug en Junior Kampioenskappe
Sa. 23 Mrt.	Atletiek Suid-Afrika Jeug en Junior Kampioenskappe
Di. 26 Mrt.	Juf. Tanya van Heerden verjaar
Vr. 29 Mrt.	Goeie Vrydag SA Tweekamp Kampioenskappe te Bloemfontein
Sa. 30 Mrt.	SA Tweekamp Kampioenskappe te Bloemfontein Juf. Billy-Jean Rossouw verjaar
So. 31 Mrt.	Paas-Sondag
Wo. 3 Apr.	Skool begin vir kwartaal 2, 7:55

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

"Do not take life too seriously. You will never get out of it alive."

- *Elvert Hubbard (Skrywer en filosoof)*